14 Februarie 2017

Liewe Netbalouers

NETBALNAWEEK 3 – 5 MAART 2017

0/11 A en B

0/13 A en B

Ons beplan 'n netbal-naweek na Raloka. Dit is naby Brits. Die bekende Elize Kotzé bied dié naweek aan. Ons hoop al ons dogters kan die naweek van harde werk en ook hope pret bywoon.

VERTREK

Ons vertrek op Vrydag 3 Maart vanaf die skool en sal ± 12:00 op Sondag 5 Maart terug wees. Ons sal ouers per sms laat weet as ons veilig daar aangekom het en ook as ons amper weer in Alberton terug is.

KOSTES

Kostes beloop **R1300-00** per speelster. Gelde kan by A-span afrigster inbetaal word. Sit geld in 'n koevert met u kind se naam op. Indien daar 'n probleem is, kontak asb vir mev v/d Hoven sodat ons 'n reëling kan tref.

BORGE / DONASIES

Indien u 'n span met hempies wil borg, kan u die afrigter kontak. Ons het reeds sakke vir elke dogter.

ALGEMEEN

Elke speelster moet haar eie persoonlike medikasie saamneem. Lig asb die afrigster in van enige ernstige toestand soos asma / allergieë ens.

VRYWARINGSVORMS MOET ASB BY DIE AFRIGTER INGEHANDIG WORD. DAARSONDER MAG U KIND NIE OP DIE KAMP GAAN NIE!

2/...

LYS VAN BENODIGDHEDE:

- Slaapsak (of duvet en laken) en kussing.
- Gemaklike klere asook tekkies / warm baadjie / Dri-Mac vir die aande.
- Hoed is 'n moet.
- Reënjas.
- Toiletware en handdoek.
- Waterbottel + Bybel
- Flits
- Swemklere
- **Onthou BAIE Sonblok**
- Peacefull sleep
- Snoepiegeld
- T-hemde, balle, kopbande ens. te koop.

LOS ASSEBLIEF ALLE SELFONE TUIS. Ons sal u kontak in geval van nood. Dogters is in goeie hande.

Netbalgroete

MNR PJ LE ROUX **MEV T V/D HOVEN**
SKOOLHOOF

.....

✂ *Voltooi asb die afskeurstrokie.*

Ons wil net 'n opname maak van hoeveel dogters wel saamgaan.

AFSKEURSTROKIE NETBALKAMP - 3 tot 5 MAART 2017

Hiermee stel ek/ons _____ u in kennis dat

_____ 0/_____ die netbalnaweek gaan bywoon.

/eb